VENSTER VAN DIE LEWE

2019

DERDE KWARTAAL

Wanneer die vensters dowwer word

11-16 Augustus 2019

Jeremia 29:1-14

Inleiding.

"Venster van die lewe!" is ons tema vir 2019. Gedurende die maand van Augustus staan ons stil by die temas van "Dowwe vensters".

Hierdie week staan ons stil by die beeld, "wanneer die vensters (oë) dowwer word." Dit is Prediker se beeld van die mens wat letterlik sy gesig verloor, maar ook 'n beeld van die mens wat ouer word. Hierdie week bekyk ons die verskillende lewensfases van die mens deur Prediker se wysheid en lewenservarings.

Lees Pred. 3: 1-8

1. Watter lewensfases beskryf Prediker in hierde verse?

_____
_____
_____

2. Lees Prediker 11:7-10.

2.1 Watter lewensfase beskryf Prediker in hierdie verse?

_____
_____

2.2 Wat volgens Prediker moet jy doen om sinvol te leef in hierdie verse (veral verse 9-10)?

_____

3. Lees Prediker 12:1-8.

3.1 Watter lewensfase beskryf Prediker in hierdie verse?

_____

3.2 Watter beelde gebruik Prediker om die ouerwordende lewensfase van die mens te beskryf?

_____
_____
_____
_____
_____
_____

3.3 Deel met mekaar hoe jy elke beeld ervaar en of dit ‘n raak beskrywing van die ouerwordende proses van die mens is.

_____
_____
_____

4. Lees Prediker 12:13-14

Wat volgens hierdie verse is die twee sake volgens Prediker waaraan die mens in sy lewensfases aandag moet gee?

_____
_____

5. Deel met mekaar: Moet jy in lewe oor jou dood en eindigheid met familie en vriende praat? Deel met mekaar.

_____
_____

6. Lees Prediker 12:14

Bespreek met mekaar die volgende stelling: Vir Prediker is die hede belangrik, want ons kan net van die hede rekenskap gee oor ons goeie en slegte dade. Stem jy saam met Prediker?

_____
_____

Ds Francois Esterhuizen

ANTWOORDSTEL LES 5 – WANNEER DIE VENSTERS DOWWER WORD

1. Die lewensritme van die lewe: geboorte, werk, dans, lag, hartseer, pyn – omtrent elke fase wat jy as smens beleef en ervaar.

2.1 Die tyd van mens se jeug.

2.2 Om die lewe te geniet, elke geleentheid te benut – al word jy ouer.

3. 1 – Ouerwordende lewensfases van die mens (wanneer donker word).

3.2 – Hande bewe (wagters), sterk manne waggel (bene), tande (malers), oë (venster donker), kommunikasie verloor met mense (deure toemaak), werk ophou (meule ophou maal), opstaan as voëls sing en geen lied (doofheid en slapeloosheid), medisyne nie meer help nie (klapperkruid), dood (silwerdraad breek, kruik en wiek stukkend val), stof na aarde, dood.

3.3 – Oop antwoorde – beelde beskryf ouerwordende proses.

4. Godsdiens en naastediens.

5. Ek oordeel dit is belangrik – hoe jou begrafnis moet lyk, begrawe of veras, watter begrafnisondernemers, watter familielede verantwoordelikhede moet neem met begrafnis reëlings.

6. Prediker praat min oor lewe na die dood (my heengaan na hemelse woning), vir hom is my optrede op aarde baie belangrik en hoe ek God se koninkryksliefde op aarde vestig en uitbrei.